

KNIP EN BREI

ROKKIE

BENODIGDHEDE: 1 m elk vlootblou en wit katoenmateriaal; twee breinaalde van 15 mm deursnee, dus baie dik.

MATE: Om borsmaat van 61(66; 71) cm te pas, lengte 33(38; 44)cm, mounaat 10(11; 12) cm.

SPANNING: 7 ste en 11 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); weersk - weerskante; V - vlootblou; W - wit; rs - reksteek, elke ry regs; vlg - volgende

AANWYSINGS: Knip skuins stroke van 2 cm breed, plaas punte oormekaar en werk stewig vas. Die werk is deurgaans rs.

Begin op onderste rand van voorpant.

Met V, stel 23(25; 27) ste op.

Brei 14(16; 18) rye rs. Slaan oor na W.

Brei 10(12; 14) rye.

Mouvorming: Met V, stel 7(8; 9) ste aan beg van vlg 2 rye op. Brei 6(8; 10) rye.

Halsvorming: Vlg ry: r 14(16; 18) ste, heg middelste 9 ste af, 14(16; 18) ste.

Brei voort op laaste stel ste.

Brei 5 rye.

Vlg ry: r tot einde, draai en stel 9 ste op, draai en beg by einde waar draad afgeknip is, brei 14(16; 18) ste van stekehouer, brei 7(9; 11) rye.

Mouvorming: Heg 7(8; 9) ste af aan beg van vlg 2 rye. Met W, brei 10(12; 14) rye. Met V, brei 14(16; 18) rye. Heg lossies af.

AFWERKING: Werk synate en mounate toe, werk netjies af.

Met stroke materiaal en dik, dik breinaalde kan jy dié oulike kledingstukke brei



PIENK BOLERO

BENODIGDHEDE: 1 m pienk katoenmateriaal en twee breinaalde van 15 mm deursnee, baie dik.

MATE: Om borsmaat van 61(66; 71) cm te pas; lengte 24,5(28; 33,5)cm.

SPANNING: 7 ste en 11 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); weersk -

weerskante; rs - reksteek (= elke ry regs); VK - verkeerde kant.

AANWYSINGS: Knip skuins stroke uit materiaal, 1 cm breed, plaas eindpunte oormekaar en werk stewig vas. Die werk is deurgaans rs.

Stel 44(48; 52) ste op en brei 14(16; 18) rye.

Verdeel vir mousgate: r 9(10; 11), heg 4 ste af, r 18(20; 22), heg 4 ste af, r 9(10; 11).

Brei voort op laaste stel ste vir linkervoorpant.

Brei 8(10; 12) rye.

Halsvorming: Heg 4 ste af aan beg van vlg ry.

Brei 3(3; 5) rye. Heg af.

Met VK voor, heg strook weer aan binne- rand van oorblywende ste vas om regter- voorpant te brei en voltooi soos linkervoor- pant, halsvorming omgekeerd.

AFWERKING: Werk skouernate toe deur 'n strook heen en weer deur 1 steek vanaf elke afhegrand te weef. Werk punte aan VK kant af.

Ryg 3 stroke materiaal van 30 cm elk deur elke hoek by hals vir bandjies. Knoop eind- punte aan mekaar vas aan binnekant van kledingstuk, vleg die materiaal en knoop punte aan einde van vlegsel.